

1. Bietou  
(*Tripteris  
sinuata*).

2. Kapokbos  
(*Eriocephalus  
africanus*).

3. Syselbos  
(*Plumbago  
tristis*).

4. Granaatbos  
(*Rhigozum  
obovatum*).



Vir klein wilde diere is die droogte so erg dat hulle by die rioolplaas en rommelhoop buite Prins Albert saamtrek omdat dit die enigste plekke is waar daar kos en water is.

plaas moet loop nie, maar liever gekonsentreer moet word op 'n deel van die plaas sodat sowat 75% van die veld kan rus en herlewe as dit gereën het.

### AL WAT LEEF, TREK NA RIOOLPLAAS

Die droogte maak die lewe ook vir voëls en klein diere moeilik. Richard sê baie steenbokke het gevrek en die voëls het na ander gebiede getrek. “Die ystervarke is so desperaat, hulle eet ou aalwyne. Dit beteken dat die aalwyne ook uitgewis gaan word.

“Diere vreet goed wat hulle nooit vreet nie. Hulle breek struik op net om die wortelkroon te eet omdat bolle nie beskikbaar is nie. Hulle gaan na die rommelhoop en vreet plastieksakke. Dis baie ernstig.”

Sue sê diere trek na plekke waar daar vog is. In die geval van Prins Albert is dit die oorvloed van die rioolplaas. “Ons kan nie glo al die diere wat soontoe getrek het nie – muise, slange, ystervarke, meerkatte – maar daar is nie genoeg kos nie.”

Richard en Sue sê ook hulle dink baie diere het gevrek. “Die veld is baie stil. Ons sien of hoor nie die voëls nie.” **LBW**

➤ NAVRAE: Sue Milton-Dean en Richard Dean, e-pos: [renukaroo@gmail.com](mailto:renukaroo@gmail.com); web: [www.renu-karoo.co.za](http://www.renu-karoo.co.za)

(*Rhigozum obovatum*) wat daarop staatmaak om aanhoudend saad te maak, het vir meer as 'n jaar nie saad gemaak nie. Dit kan ook die herstel vertraag.”

Die saad van die meeste karoobossies kan vir sowat drie jaar hou as hulle in droë toestande in 'n gebou gebêre word, sê Sue.

“Olierige sade van bosse, soos gombos (*Pteronia*-soorte), hou net 'n jaar, terwyl bietousade vir vyf jaar kan hou en grassade vir tien jaar. Dit het implikasies vir die manier waarop veld bestuur word.”

### SKADE AAN VELD IS PERMANENT

Skade wat deur onoordeelkundige beweiding aan Karooveld gedoen word, kan 'n permanente letsels laat, sê Sue. “Die skade hou aan vir 'n eeu. Dis soos die vel wat teruggroei as jy jou arm gebrand het, wat altyd uitstaan.”

Veldherstel is nie moontlik nie, maar dit kan gerehabiliteer word, met ander woorde daar kan stappe gedoen word om die plantegroei te verbeter, sê Sue. “As jy gelukkig is, en sowat R20 000/ha belê om grond te rehabiliteer wat skaars R1 500/ha werd is, sal jy ná 20 jaar van die bossies weer sien. Daar sal inheemse plantbedekking wees, maar nie noodwendig

nuttige bedekking nie. Jy sal nooit weer die rykdom aan spesies terugkry nie.”

### WILD SOU TREK


Nuwe grondeienaars raak dikwels van kleinvee ontslae om wild te vestig omdat hulle redeneer dis die diere wat oorspronklik in die Karoo was. Dit is inderdaad so, sê Richard. “Ou reisigersverslae maak melding van wild hier, maar die wild was nie die hele tyd hier nie. Dis juis die punt: Die wild sou getrek het, maar dis nie moontlik met heinings nie.”

Dit is waarom hy en Sue aanbeveel dat alle wild van die plase verwyder behoort te word asof hulle getrek het. Wildplaseienaars voer die diere en die veld word verniel. “As baie wild op die veld gehou word, en dit kom reën, gaan hulle die hergroei opvreet.”

Sue sê sebras het selfs die gras tussen rotse en die wortels gevreet. Een van hul kliënte het laat weet hy bestee twee maal meer aan voer as wat sy inkomste uit jagbedrywigheid is. Hy het die veld verniel en die wild sterf uit.

Sy sê ook boere by Prins Albert behoort hul veelading te verlaag tot die helfte van die huidige norm (7-12 ha per kleinvee-eenheid). Dit beteken nie dat minder vee oor die hele

### DAG- EN NAGTEMPERATURE OP PRINS ALBERT, 1988 TOT 2016



BRON: RENU-KAROO.

### AARDVERWARMING IS 'N WERKLIKHEID

Droogte is natuurlik, sê Richard en Sue, maar aardverwarming is 'n werklikheid wat die hewigheid van droogte en uiterste weergebeure verdiep.

Temperatuurrekords van 1988 af toon 'n styging in dag- en nagtemperatuur van 1,5°C oor die afgelope 30 jaar. Daar was boonop die afgelope somer vyf skerp stygings in temperatuur tot 43°C.

“Dit en die lae reënval het die klein sukkulente plante gekou.”

Prins Albert kan in 'n normale jaar sowat 170 mm reën verwag. Sedert die 1880's wis-

sel reënval tussen 50 mm en 400 mm per jaar. Vanjaar is die droogste jaar tot nog toe. Sue en Richard sê reënval was in die laat 1920's vir drie jaar agtereenvolgens minder as 60 mm. Hoewel hulle nie temperatuurrekords vir daardie jare het nie, dink hulle nie dit was toe so warm soos nou nie.

Sue en Richard se ontleding van reënvalrekords wat sedert 1880 by Prins Albert se tronk opgeteken is, gee 'n aanduiding dat daar 50-jaarsiklusse is. “1880 tot 1930 was relatief nat en 1930 tot 1986 was droërig. Ons het vir 30 jaar daarna 'n goeie tydperk gehad. As die data 'n ware steekproef is, kan ons dalk nou minder reën kry.”